higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3

(11011043)

3 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

242Q1S2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Daar is baie plekke om van te kies waar funksies gehou kan word. Sommige lokale bied geriewe soos mikrofone en luidsprekers. Daar is egter ander geriewe wat nie noodwendig by die lokaal ingesluit is nie.

Noem VIER geriewe wat nie noodwendig ingesluit is nie wanneer jy 'n lokaal bespreek. (4)

1.2 Jy moet op 'n geskikte sakegeleentheid besluit voordat jy vir befondsing aansoek doen.

Noem SES belangrike faktore wat jy in gedagte moet hou wanneer jy die inligting wat jy oor jou sake-idee gekry het, evalueer. (6)

1.3 Gee vir jou vriend, wat 'n toerisme-onderneming wil begin, raad oor hoe hy die volgende bronne van inligting moet gebruik om 'n uitvoerbare sake-idee na te vors.

1.3.1 Saketydskrifte

1.3.2 Internet

1.3.3 Koerante

1.3.4 Praat met mense wat jy ken

(4 × 2) (8)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Om 'n waterval op 'n kaart aan te dui, word twee parallelle blou lyne gewoonlik oor die rivierlyn geteken.

1.4.2 'n Kruissimbool bo-op 'n gebou op 'n kaart dui gewoonlik 'n hospitaal aan.

1.4.3 Hoe groter die vliegtuig op die kaart, hoe groter en hoe belangriker is die lughawe.

1.4.4 Groot funksies lok baie toeriste en skep werksgeleenthede.

1.4.5 Siekte-uitbrekings hou vir toeriste ’n gevaar in.

1.4.6 As inflasie hoog is, is die waarde van die rand hoog.

1.4.7 Ekonomiese groei is sleg vir toerisme.

1.4.8 Fisiese rampe kan op 'n groot skaal verwoesting veroorsaak.

Kopiereg voorbehou

1.4.9 Wetgewing is 'n stel reëls wat deur ’n ondernemingseienaar bepaal word.

1.4.10 Konsultante in 'n reisagentskap moet kommunikasie- en telefoonvaardighede hê.

(10 × 1) (10)

1.5 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.5.1 Hierdie versekering word uitgeneem in geval die bestuurder by 'n ongeluk betrokke is.

1.5.2 Hierdie versekering word uitgeneem in geval die voertuig gesteel word.

1.5.3 Hierdie versekering dek die volle bybetalingsbedrag wanneer die voertuig beskadig word.

1.5.4 Hierdie versekering dek alle bybetalingsbedrae as die motor gesteel word.

1.5.5 Hierdie versekering dek sterfte, besering of blywende ongeskiktheid tot en met 'n maksimum bedrag wat in die huurooreenkoms bepaal word.

(5 × 1) (5)

1.6 Kies 'n geldeenheid uit KOLOM B wat by 'n land in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Japan	A	ZAR
1.6.2	Indië	B	Dollar
1.6.3	Suid-Afrika	C	Pond
1.6.4	Nigerië	D	Jen
1.6.5	Zimbabwe	E	Roepee
1.6.6	Brittanje	F	Euro
1.6.7	Frankryk	G	Naira

(7 × 1) (7)

[40]

VRAAG 2

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae.

WATERKRISIS IN KAAPSTAD BEDREIG TOERISMEBEDRYF



KAAPSTAD – Die waterkrisis in die Wes-Kaap, waar die watervoorraad in April kan opraak as daar geen reën is nie, het die belangrike toerismebedryf getref, het 'n beampte in die bedryf Vrydag gesê.

'Ons is deur ons lede ingelig dat daar kansellasies van beide internasionale en plaaslike reisigers was,' het Enver Duminy, hoof- uitvoerende beampte van Kaapstad Toerisme, aan African News Agency gesê.

Voornemende besoekers het vrae en wil klarigheid hê oor die waterkrisis en gebeurlikheidsplanne vir Dag Zero. Solank as wat daar onsekerheid oor die waterkrisis is, sal daar 'n impak wees.

Benewens die hotelle, is toerisme-ondernemings deeglik bewus hoe nodig dit is om water te bespaar.

Kaapstad se watertekort jaag internasionale toeriste die skrik op die lyf. 'n Tweelingooreenkoms tussen New York City and Company en Kaapstad Toerisme skop Maandag af. Die plaaslike bedryf sê dit het gebeurlikheidsplanne in plek vir toeriste.

Sowat 10 miljoen toeriste het Kaapstad verlede jaar besoek, en is gelok deur die stad se ikoniese besienswaardighede soos Tafelberg, Robbeneiland en sy lang sanderige strande en natuurlike skoonheid.

Kopiereg voorbehou

Internasionale beriggewing oor die droogte en Dag Zero het egter baie internasionale toeriste die skrik op die lyf gejaag, wat hierdie miljardrandse bedryf in gevaar stel.

'Daar is baie navrae oor die waterkrisis, en mense oorweeg dit om hulle toekomstige reise, geleenthede en konferensies te kanselleer. Ons het ons boodskappe in lyn gebring om te sê ons deure is oop vir toerisme. Ons is bewus van die impak wat toerisme op water het, maar ons het ook meer oplossings gekry het om dit te hanteer,' het Enver Duminy van Kaapstad Toerisme gesê.

Die stad se vele aantreklikhede sal op 62 bushokkies en meer as 1 000 Link-kiosks regoor New York se vyf buurte ('boroughs') verskyn New York sal aan Kapenaars bemark word deur middel van Kaapstad Toerisme se mobiele inligtingsentrum vir besoekers.

'Ons neem inligting na die publiek. Ons reis regoor Kaapstad en Suid-Afrika om Kaapstad te bemark – vanaf die V&A Waterfront en Maiden's Cove waar ons tans is,' het Kaapstad Toerisme se Rayaan Roberts gesê.

Toerisme is een van die steunpilare van die Wes-Kaapse ekonomie.

[Bron: SABC | @SABCNewsOnline]

2.1.1 Bespreek hoe die waterkrisis in Kaapstad die toerismesektor affekteer. (5)

2.1.2 Gebruik die opskrif 'Ons deure is oop vir toerisme' om 'n verklaring te skryf wat op die toerismewebblad gepubliseer sal word, en oorreed toeriste dat die waterkrisis hulle nie sal affekteer nie. (5)

2.1.3 Hoeveel toeriste het Kaapstad in die afgelope jaar besoek? (1)

2.1.4 Identifiseer VIER ikoniese besienswaardighede wat hoofsaaklik toeriste na Kaapstad lok. (4)

2.1.5 Verduidelik die huidige bemarkingstrategieë wat die stad gebruik om meer toeriste te lok. (5)

2.1.6 Wat moet die inwoners doen om water te bespaar en te sorg dat toerisme nie daaronder sal ly nie? Staaf jou antwoord. (5)

2.2 Bespreek kortliks hoe die volgende kategorieë van die makro-omgewing 'n impak op die toeristebedryf maak.

2.2.1 Sosiale omgewing

2.2.2 Ekonomiese omgewing

2.2.3 Tegnologiese omgewing

2.2.4 Demografiese omgewing

Kopiereg voorbehou

2.2.5 Fisiese omgewing (5 × 3) (15)
[40]

VRAAG 3

3.1 Vul die onderstaande tabel in:

GELEENTHEDE	STAD/PLEK	PROVINSIE
1. Oos-Londen Skou	(a)	(b)
2. Parys Kunstefees	(c)	(d)
3. Jozi Book Fair	(e)	(f)
4. Comrades-maraton	(g)	(h)
5. Sardientjieloop	(i)	(j)
6. Magoebaskloof Lentefees	(k)	(l)
7. Innibos Kunstefees	(m)	(n)
8. Aardklop Nasionale Kunstefees	(o)	(p)
9. Ghaap RiverXtreme	(q)	(r)
10. Knysna Spoedfees	(s)	(t)

(20)

3.2 Noem VIER regsvereistes waaraan jy moet voldoen wanneer jy 'n onderneming stig. (4)

3.3 Noem belangrike inligting met betrekking tot die aanvangskoste van klein sakegeleenthede. (4)

3.4 Voltooi die onderstaande tabel deur die geleenthede en gevare aan te dui wat die fisiese omgewing vir die ondernemings in die lys inhou.

AARD VAN ONDERNEMING	GELEENTHEDE IN DIE FISIESE OMGEWING	GEVARE IN DIE FISIESE OMGEWING
Wildplaas		
Strandoord		
Boskamp		

(6 × 2) (12)
[40]

VRAAG 4

Jy werk vir 'n geleentheidsmaatskappy wat daarvoor verantwoordelik is om die jaarlikse toerisme-indaba in Durban te beplan.

4.1 Identifiseer 'n geskikte plek in die stad Durban om die toerisme-indaba by te hou. (1)

4.2 Teerpaaie verbind alle groot en die meeste klein dorpe as deel van infrastruktuur. Die verbetering van infrastruktuur soos paaie en spoorweë maak dit moontlik vir betroubare vervoermetodes om te floreer.

Hoe sal swak infrastruktuur soos paaie die volgende beïnvloed?

4.2.1 Die onderneming

4.2.2 Verbruikers

4.2.3 Verskaffers

(3 × 2) (6)

4.3 Jou bestuurder het versoek dat jy na Durban reis om die bestuur van die lokaal te ontmoet.

4.3.1 Noem VIER vrae wat jy hulle sal vra as deel van jou voorbereidings om die plek te bespreek. (4)

4.3.2 Gee DRIE voordele daarvan om onderhoude van aangesig tot aangesig te voer. (3)

4.3.3 Noem VIER faktore van die ekonomiese omgewing wat 'n impak op jou onderneming sal maak. (4)

4.3.4 Skryf 'n uitnodigingsbrief aan deelnemers en lig hulle in oor die datum, plek, verblyf en heen-en-weerdiens, en gee 'n RSVP-datum. (10)

4.4 Jy is daarvoor verantwoordelik om 'n spyskaart te beplan vir die gassprekers en hooggeplaastes van die regering wat die geleentheid sal bywoon. Kies die spyskaart en beskryf wat jy vir die volgende diëte sal oorweeg:

4.4.1 Spyskaart vir vegetariërs

4.4.2 Spyskaart vir kosjer kos

4.4.3 Spyskaart vir halaal kos

(3 × 3) (9)

4.5 Definieer die woord *tussengangers*. (2)

4.6 Gee EEN voorbeeld van 'n toerismeverwante tussenganger. (1)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Aantreklikhede wat deur mense gemaak is, sluit … in.

A riviere
B berge
C museums
D strande

5.1.2 'n Voorbeeld van kultuurtoerisme in Suid-Afrika:

A Inkopiesentrums
B KwaZulu-Natal-slagvelde
C Hector Pieterson-plein
D Robbeneiland

5.1.3 Dwelmmisbruik is 'n …

A politiese probleem.
B kerkprobleem.
C omgewingsprobleem
D maatskaplike probleem.

5.1.4 'n Sitkamer wat aan een of meer slaapkamers verbind is, word 'n … genoem.

A suite
B dupleks
C ateljee
D cabana

5.1.5 TWN is 'n kode vir …

A 'n kamer met tweelingbeddens en bad.
B 'n kamer met tweelingbeddens en stort.
C 'n kamer met tweelingbeddens.
D 'n kamer met drie beddens.

5.1.6 Sluit slegs verblyf en geen maaltye in nie:

A CP
B IP
C AP
D EP

Kopiereg voorbehou

5.1.7 Sluit verblyf en ontbyt in, en middagete of aandete kan bygevoeg word:

A MAP
B À la carte
C CP
D AP

5.1.8 Hierdie vereniging is gestig om professionele diens met sekuriteit vir beide lede en kliënte te bevorder:

A DBSA
B ASATA
C CATHSSETA
D DEAT

5.1.9 Ondernemings wat hoofsaaklik voedseldienste verskaf:

A Hotelle
B Toergidse
C Restaurante
D Toerorganiseerders

5.1.10 'n Afkorting vir klein, medium en mikro-ondernemings:

A KOOM
B KMOM
C KMOO
D KMMO

(10 × 1) (10)

5.2 Noem VYF kenmerke van ekonomiese groei. (5)

5.3 Bespreek die invloed van die ekonomiese omgewing op 'n onderneming deur die volgende ekonomiese faktore te gebruik:

5.3.1 Hoë vlak van indiensneming

5.3.2 Sterk waarde van geldeenheid

5.3.3 Klante se inkomste

5.3.4 Produktiwiteit

(4 × 5) (20)

5.4 Gee VYF voorbeelde van tegnologie wat in 'n reiskantoor gebruik kan word. (5)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou